KOMMUNIKAMMA 14 FEBRUARIE 2021

Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:
U blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com
Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS vir die WEEK
Rom 13:8-10
"Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit. Al die gebooie: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie," of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet." (ook as ons valentynsdag vier)

SAKE vir GEBED:

- Dank God vir Sy liefde elke dag. Dankie vir almal wat mekaar so bemoedig, bystaan en vertroos. Dankie vir almal wat uitreik na ander en vir jul liefde en omgee.
- Die droogte is in sommige gebiede nog nie gebreek nie. Bid asseblief dat God genadig sal wees en die sluise van die hemel sal oopmaak op die gebiede wat smag na reën.
- Ons glo dat die doeltreffendste entstof eersdaags hier sal wees en dat dit werklik 'n positiewe verandering sal maak. Bid asseblief vir alle mediese dienste. Baie van hulle is uitgeput, maar doen hulle werk nog steeds met ywer en liefde.
- Dra ons geestelike leiers wêreldwyd aan die Here op. Laat ons hulle hande omhoog hou. Dit is vir hulle ook 'n baie uitdagende tyd en hulle het Goddelike wysheid en leiding nodig.
- Die leerders gaan môre terug skool toe. Ons bid vir elkeen van hulle en hul toegewyde onderwysers.
- Ons dink ook in besonder aan ons burgermeester. Ons bid dat hy die probleem areas in ons stad sal identifiseer en herstel en dat hy positief sal bly terwyl hy die beste vir die gemeenskap doen.
- Ons vertrou dat die beroepingsproses vlot sal verloop en ons bid dat die Here dit sal seën en die regte persoon sal aanwys.
- Ons dra ons bejaardes, siekes, eensames en afgesonderdes aan die Here op. Bid vir almal wat geliefdes gedurende die pandemie verloor het. Bid vir die wat hul werk, huise, ens. verloor het. Ons vertrou op die Almagtige om ook daar te voorsien.
- Innige simpatie aan Martie Steenkamp en familie met die afsterwe van Gallie.
- Ons bid ook vir Deon en sy gesin met die nuwe hoofstuk in hul lewens. Ons glo dat Hy elke tree met hul sal stap.
- Laat ons die hele week onthou dat "Ons God se Fontein van Liefde is."

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:
Bid saam met bekeerlinge in **Libië** dat hulle gelowiges sal vind saam met wie hulle kan aanbid en groei in die Here.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU
Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en 'n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons alles in plek. Onder die regulasies van vlak 3 mag daar slegs 50 persone per erediens in die kerkgebou wees. Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi. https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8.

Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi. Dit verseker jou van 'n plek in die erediens.
Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimtone toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.
Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 14 Februarie

09:00 EREDIENS

Skakel gerus om 09:00 op ons Youtube kanaal in (https://youtu.be/-_AK8ZCjAIs) as jy die lewendige uitsending wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook in jou eie tyd daarna kan gaan kyk.
Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

Maandag 15 Februarie

12: 45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar ook via Zoom. Almal is welkom. Indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het, kontak Niekie.

18:00 ADMINISTRASIE-VERGADERING

Dinsdag 16 Februarie

Voedselhulp aan PE-Noord

Dankie aan almal wat die voedselhulp projek in 2020 ondersteun het. Ons doen 'n beroep op lidmate om steeds hierdie projek te ondersteun indien dit vir jou moontlik is. Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede.
Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Willie en Gaynor Swanepoel (Abeliasingel 23) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Ons het nog net genoeg kontant om 2 of 3 keer kos te koop. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

Woensdag 17 Februarie

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. Maak 'n afspraak by Niekie indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie**. Volg asb die regulasies.

19:00 ASWOENSDAGDIENS (Begin van lydenstyd)
Kontak Niekie om jou plek te bespreek om die fisiese diens by te woon of gaan na die skakel (https://youtu.be/FCHCmwO2s5c) om die lewendige uitsending daarvan te volg.

Vrydag 19 Februarie

05:00 MANNEGROEP

Die mannegroepbyeenkoms vergader by Frans Stapelberg, Carnationlaan 15. Indien jy wil deel word, kontak vir ds. MG vir meer besonderhede.

Sondag 21 Februarie

BELYDENISAFLEGGING

Dit is vir Kraggakamma Gemeente 'n voorreg om op Sondag 21 Februarie deel te wees van die Belydenisaflegging van die volgende jongmense:

Thabo Botha	Karla du Toit	Daniel Grobler
Carli Human	Samantha Jackson	Handré Janse van Rensburg
Ischke Kotze	Doney Laminie	Bianca Meiring
Clarise Moolman	Tanielle Moolman	Ethan Terblanche
Deidre Venter	Justin Wilken	Marnus Winter
Sonica Wolmarans		

Ons wil as gemeente vir hierdie jongmense die geleentheid gee, om binne die huidige regulasies, hierdie geleentheid met hulle vriende en familie te deel. Neem dus kennis dat daar DRIE eredienste sal plaasvind en dat daar beperkte spasie beskikbaar is vir gemeentelede. Die eredienste vind plaas om 08:00, 09:15 en 10:30. Kontak Niekie om jou plek by een van die drie dienste te bespreek.

Die pad vorentoe

Op ‘n kerkraadsvergadering, gehou op Woensdag 3 Februarie, is die volgende sake bespreek:

Dr Deon Els het die beroep na Helderberg Gemeente in Somerset-Wes aanvaar en sal op 1 April 2021 daar diens aanvaar. Sy afskeidspreek is op Sondag 14 Maart 2021. Hierdie erediens sal, volgens regulasies, in die kerkgebou gehou word en lewend uitgesaai word.

‘n Medeleraar is nodig vir Kraggakamma Gemeente. Die bedieningsbehoeftes en -uitdagings is groot en ons finansies laat dit toe. Ons moet bid vir vir die proses en ook by die Here hoor wat Sy wil vir die profiel van ‘n nuwe leraar is.

Die nut van die huidige pastorie, asook herstelwerk wat gedoen moet word, moet ondersoek word. Die moontlikheid om die pastorie te verkoop en eerder ‘n subsidie te gee, sal verder ondersoek word.

Ds MG is bereid om alleen voort te gaan totdat die beroepingsproses, waarmee ons nou begin en wat binne 2-3 maande afgehandel kan wees, voltooi is.

MTR Smit Verjaarsdae

Liewe vriendin,
Sien jy dalk kans om een keer per jaar een van die 16 dogters by huis 8 van die MTR Smit kinderhuis, se verjaarsdag onvergeetlik te maak?
Kontak asb Debah (082 933 2443) of Linda (082 402 4396) so gou as moontlik vir meer inligting. Saam kan ons ’n groot verskil maak!

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

14 Februarie	Albert Nienaber, Elsabe Roets, Lisa-Nicole Scholtz, Karin-Louise Smit, Karlien van Wyk en Hardus Viljoen
15 Februarie	Rozaan Coetzer, Beth van Niekerk
16 Februarie	Lallie Barnard, Antoinette Mattheus, Antone Myburgh, Shanice Orban, Hennie Roets, Yvonne Strydom, Marlize van der Merwe en Dawie van Zyl
17 Februarie	Adriaan Jordaan, Helen Marais, Corrie Nieuwoudt, Noeline Pieterse, Lizl Schoeman, Jana van Rensburg, Berenice Vermeulen en Lize Watkins
18 Februarie	Isabelle Botha, Charl Meistre en Susan Otto
19 Februarie	Ernest Deyzel, Carike Grobler en Daphne Postma
20 Februarie	Theuns Botha, Johan Enslin, Christo Ross, Renelle Verster en Shaun Westraadt

KATEGESE

Ons wil graag hierdie jaar vanaf Sondag 7 Maart voortgaan met kategese vir ons kinders. Een sondag sal juniors (Graad 1-6) om 10:00 kategese by die kerkkompleks hê en die volgende sondag die graad 7-11 jongmense. U kind se mentor sal met u kontak met die indeling van die ontmoetings van die jaar. Die Sondag waarop u kind nie by die kompleks is nie, versoek ons u om die ontmoeting met u kind te hanteer. As ouers roep die Here ons om die belangrikste mentors in ons kinders se lewens te wees. Dit Kategese boeke sal by die eerste ontmoeting by die kerkgebou uitgedeel word. Vir meer inligting of hulp, kontak asb met u kind se kategeet. Die indeling en kontakbesonderhede van kategete is op die gemeente se webblad beskikbaar.

DANKOFFER

Die eerste 11 maande van ons finansiële jaar is verby en ons kon ons finansiële verantwoordelikhede nakom. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

SnapScan